

NEWCITY Catechism

Aangepas deur Timothy Keller en Sam Shammas vanuit die Kategismusse van die Reformasie  
Kopiereg © 2012 deur Redeemer Presbyterian Church

Vertaal met toestemming van die outeur deur Nikolaas Pienaar

Ons moedig jou aan om hierdie materiaal vrylik te gebruik – maar moet asseblief nie geld daarvoor vra,  
die bewoording verander, of die kopiereg inligting verwyder nie.

Kinders se antwoorde is in [kleur](#).

# DEEL 1

## God, Skepping en Sondeval, Wet.

### V1

#### **Wat is ons enigste hoop in lewe en dood?**

Dat ons nie aan onself behoort nie, maar dat ons liggaam en siel, in lewe en dood, aan God en ons Verlosser Jesus Christus behoort.

### V2

#### **Hoe bely ons God?**

God is die skepper en onderhouer van almal en alles. Hy is ewig, oneindig en onveranderbaar in sy krag en perfektheid, goedheid en glorie, wysheid, regverdigheid en waarheid. Niks gebeur buiten deur Hom en deur sy wil nie.

### Q3

#### **Hoeveel persone is daar in God?**

Daar is drie persone in die een ware en lewende God: die Vader, die Seun en die Heilige Gees. Hulle is een in wese, gelyk in krag en eer(aansien).

### Q4

#### **Hoe, en hoekom het God ons geskep?**

God het ons as man en vrou na sy beeld geskep om Hom te ken, vir Hom lief te wees, saam met Hom te leef en Hom te verheerlik. En daarom is dit reg dat ons, wat deur God geskep is, tot sy eer moet leef.

### Q5

#### **Wat anders het God geskep?**

God het alle dinge deur sy kragvolle Woord gemaak, en alles wat Hy geskep het was baie goed; alles het onder sy liefdevolle heerskappy floreer.

### Q6

#### **Hoe kan ons God verheerlik?**

Ons verheerlik God deur Hom te geniet (dit is om sy goedheid te geniet), Hom lief te hê, en sy wil te gehoorsaam, dit is sy gebooie en wet.

### Q7

#### **Wat vereis die wet van God?**

Persoonlike, perfekte en konstante gehoorsaamheid – dat ons God met ons hele hart, siel verstand en krag lief hê, en ons naaste soos onself. Wat god verbied mag nooit gedoen word nie, en wat Hy beveel moet altyd gehoorsaam word.

## Q8

**Wat is die wet van God soos dit in die Tien Gebooie gevind word?**

1. Jy mag naas my geen ander gode hê nie.
2. Jy mag nie vir jou 'n beeld of enige afbeelding maak van wat in die hemel daarbo, of op die aarde hieronder, of in die water onder die aarde is nie.
3. Jy mag die naam van die Here jou God nie misbruik nie.
4. Sorg dat jy die sabbatdag heilig hou.
5. Eer jou pa en jou ma.
6. Jy mag nie moord pleeg nie
7. Jy mag nie egbreek pleeg nie
8. Jy mag nie steel nie
9. Jy mag nie vals getuienis teen 'n ander gee nie.
10. Jy mag nie begeer nie.

## Q9

**Wat vereis God in die eerste, tweede en derde gebooie?**

Eerstens, dat ons God as die enigste ware en lewende God ken.

Tweedens, dat ons alle afgodery vermy en nie God op die verkeerde manier aanbid nie.

Derdens, dat ons God se Naam met die hoogste respek en eerbied behandel, dit sluit Sy Woord en Sy werke in.

## Q10

**Wat vereis God in die vierde en die vyfde gebooie?**

Vierdens, dat ons op die sabbatdag tyd in die openbare en private aanbidding van God spandeer, van ons gewone, daaglikse werk rus, God en ander dien, en sodoende na die ewige Sabbat uitsien.

Vyfdens, Dat ons vir ons pa's en ons ma's lief moet wees en eer en onself aan hul goddelike teregwyding en raad moet gehoorsaam.

## Q11

**Wat vereis God in die sesde, sewende en agste gebooie?**

Sesdens, dat ons nie teenoor ons naaste vyandig, haatlik optree of hom of haar seermaak nie. Eerder moet ons geduldig en vreedzaam met liefde selfs teenoor ons vyande optree.

Sewende, dat ons ons van seksuele immoraliteit af weerhou, dat ons rein en getrou leef, of dit in die huwelik of in die ongetroude lewe is, dat ons alle onrein dade, kyke, woorde, gedagtes, of begeertes, en alles wat daartoe lei, vermy.

Agste, dat ons nie sonder toestemming enige iets vat wat aan iemand anders behoort nie, of die goeie van iemand weerhou wat daaruit kan baat vind nie.

## Q12

### **Wat vereis God in die negende en tiende gebooië?**

Negende, dat ons nie lieg of bedrieg nie, maar die waarheid in liefde sal praat.

Tiende, dat ons tevrede is met wat ons het, en op niemand jaloers is, of dit wat God vir hulle of ons gegee het verwyd nie.

## Q13

### **Kan enige iemand God se wet volmaak onderhou?**

Sedert die sondeval kon geen gewone mens die wet van God in volmaaktheid onderhou nie, maar breek dit aanhoudend in gedagte, woord en daad

## Q14

Het God ons sonder die vermoë om sy wet na te kom geskep?

Nee, maar vanwee die ongehoorsaamheid van ons eerste ouers, Adam en Eva, het die hele skepping geval; nou word ons almal in sonde en skuld gebore, ons natuur is verdorwe en nie in staat om God se wet te hou nie.

## Q15

### **Aangesien niemand die wet kan hou nie, wat is die doel daarvan?**

Sodat ons die heilige wese en wil van God kan ken, sowel as die sondige natuur en ongehoorsaamheid van ons harte, en daardeur ons nood aan 'n Verlosser. Die wet leer en roep ons ook op om 'n lewe te leef wat ons Verlosser waardig is.

## Q16

### **Wat is sonde?**

Sonde is om God te verwerp of te ignoreer te midde van die wêreld wat Hy geskep het, om teen Hom te rebelleer deur sonder agting vir Hom te leef, om nie dit te wees of te doen wat Hy in sy wet vereis nie – wat op ons dood en die verydeling van die hele natuur uitloop.

## Q17

### **Wat is afgodery?**

Afgodery is om op geskape dinge, eerder as op die Skepper vir ons hoop, geluk, belang en veiligheid te vertrou.

## Q18

### **Sal God ons ongehoorsaamheid en afgodery ongestraf laat bly?**

Nee, elke sonde druis teen die soewereiniteit, heiligheid, goedheid van God, en sy regverdige wet in, en God is regtens woedend teenoor ons sonde en sal dit straf in sy regverdige oordeel sowel in hierdie lewe as die lewe hierna.

### Q19

**Is daar enige manier om die oordeel vry te spring en weer in God se goeie guns te kom?**

Ja, om aan sy regverdigheid te voldoen, **versoen God self vir ons met Homself** en spreek ons van sonde en die straf op sonde vry **deur 'n Middelaar**.

### Q20

**Wie is die Middelaar?**

Die enigste Middelaar is die Here Jesus Christus, die ewige Seun van God, in Wie God mens geword het en die straf op sonde self gedra het.

## Deel 2

# Christus, verlossing, genade.

### Q21

**Watse tipe middelaar is nodig om ons terug na God te bring?**

Een wat ware mens en ware God is.

### Q22

**Hoekom moet die Middelaar waarlik mens wees?**

Sodat Hy, in die menslike natuur, namens ons die hele wet gehoorsaam en die straf op menslike sonde dra; en sodat Hy met ons swakheid medelye kan hê.

### Q23

**Hoekom moet die Middelaar waarlik God wees?**

Sodat, op grond van die krag van sy Godheid, hy in volmaaktheid en genoegsaamheid aan die hele wet en die volle straf vir die sonde kan voldoen, en ook sodat hy God se regverdige woede teenoor die sonde sal dra en nogtans die dood oorkom.

### Q24

**Hoekom was dit nodig dat Christus, die Middelaar, moes sterf?**

Aangesien die dood die straf op sonde is, **het Christus gewillig in ons plek gesterf om ons van die krag en die straf van sonde te red en ons na God toe terug te bring**. Deur sy intreënde, versoenende dood, het Hy alleen ons van die hel vrygespreek en vir ons die vergifnis van sonde, geregtigheid en ewige lewe verdien(verwerf).

### Q25

**Betekén Christus se dood dat al ons sondes vergewe kan word?**

Ja, want Christus se dood aan die kruis het volledig vir die straf vir ons sonde betaal. God skenk ons genadiglik Christus se geregtigheid asof dit ons eie is en sal ons sondes nie meer onthou nie.

**Q26**

**Wat anders word deur Christus se dood bemiddel?**

Christus se dood is die begin van die verlossing en vernuwing van elke deel van die gevalle skepping, in die wyse wat Hy elke ding bestuur om aan Hom eer te bring en vir die skepping se beswil.

**Q27**

**Word alle mense, net soos hulle deur Adam verlore gegaan het, deur Christus gered?**

Nee, net die wat deur God uitverkies is en deur die geloof met Christus verenig is word gered. Desnieteenstaande bewys God in sy barmhartigheid algemene genade selfs aan diegene wat nie uitverkies is nie deur die gevolge van sonde in toom te hou en deur werke van kultuur toe te laat vir menslike welstand.

**Q28**

**Wat gebeur, na die dood, met die wat nie deur geloof met Christus verenig is nie?**

Op die oordeelsdag sal hulle die vreesaanjaende dog regverdige verdoemenis wat teen hul uitgespreek is ontvang. Hulle sal uit die genadige teenwoordigheid van God, na die hel, uitgewerp word, om daar regtens en ewig gestraf te word.

**Q29**

**Hoe kan ons gered word?**

Alleen deur geloof in Jesus Christus se intreëende, versoenende dood aan die kruis. So, selfs al is ons skuldig daaraan dat ons aan God ongehoorsaam was en nog steeds tot alle kwaad geneig is, skenk God ons die perfekte geregtigheid van Christus, sonder enige verdienste aan my kant, wanneer ons ons bekeer en in Hom glo.

**Q30**

**Wat is geloof in Jesus Christus?**

Geloof in Jesus Christus is die erkenning van die waarheid van alles wat God in sy Woord openbaar, om Hom te vertrou en ook om van Hom alleen die verlossing wat aan ons in die evangelie aangebied word te ontvang en daarop te vertou.

**Q31**

**Wat glo ons wanneer ons van ware geloof praat?**

Alles wat aan ons in die evangelies geleer word. Die Apostoliese Geloofsbelydenis druk wat ons glo soos volg uit:

Ons glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van hemel en aarde;

En ons glo in Jesus Christus sy enigegebore Seun, ons Here;  
Wie ontvang is van die Heilige Gees, en gebore is uit die maagd Maria;  
Wie gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is, gesterf het en begrawe is  
En neergedaal het na die hel;  
Hy het op die derde dag opgestaan het uit die dood;  
En opgevaar het na die hemel,  
Hy sit nou aan die regterhand van God, die almagtige Vader;  
Waarvandaan Hy sal kom om die lewendes en die dooies te oordeel.  
Ons glo in die Heilige Gees,  
Ons glo aan 'n heilige, algemene Christelike kerk,  
Ons glo aan gemeenskap van die heiliges,  
Ons glo aan die vergifnis van sondes,  
Ons glo aan opstanding van die liggaam  
En ons glo aan die ewige lewe.

### Q32

#### **Wat beteken regverdiging en heiliging?**

Regverdiging beteken ons reeds verklaarde regverdigheid voor God, wat deur Christus se dood en opstanding vir ons moontlik gemaak is.

Heiliging dui op ons geleidelike, groeiende vernuwing wat deur die Gees se werk in ons moontlik gemaak word.

### Q33

#### **Moet die wat geloof in Christus het hul verlossing deur hul eie werke, of iewers elders soek?**

Nee, hulle moet nie, want alles wat vir verlossing nodig is, is in Christus te vinde. Om verlossing deur goeie werke te soek is 'n verwerping van Christus as die enigste Middelaar en Redder.

### Q34

#### **Aangesien ons deur genade allen, deur Christus alleen verlos word, moet ons nog steeds goeie werke doen en God se Woord gehoorsaam?**

Ja, want Christus, wat ons deur sy bloed verlos het, vernuwe ons ook deur sy Gees, sodat ons lewens liefde en dankbaarheid teenoor God kan wys. Sodat ons deur die vrugte van ons geloof sekerheid kan kry, en sodat ons naaste ook deur ons godvresende lewe vir Christus gewen kan word.

### Q35

#### **Aangesien ons deur genade alleen, deur geloof alleen gered word, waar kom hierdie geloof vandaan?**

Al die gawes wat ons van Christus ontvang, kom ons toe deur die Heilige Gees, dit sluit geloof in.

## Deel 3

# Gees, vernuwing, groei in genade.

## Q36

### **Wat glo ons van die Heilige Gees?**

Dat Hy saam met die Vader en die Seun ware en ewige God is, en dat God Hom sonder voorbehoud aan elkeen wat glo skenk.

## Q37

### **Hoe help die Heilige Gees vir ons?**

Die Heilige Gees oortuig my van my sonde, Hy troos my, begelei my, gee aan ons geestelike gawes, vernuwe my en Hy gee my die verlanse om God te gehoorsaam. Hy stel ons in staat om te bid en God se Woord te verstaan.

## Q38

### **Wat is gebed?**

Gebed is om ons harte voor God uit te giet in lofprijsing, smeking, sondebelydenis en danksegging.

## Q39

### **Wat is die houding waarmee ons moet bid?**

Met liefde, volharding en dankbaarheid, in nederige gehoorsaamheid aan God se wil, met die wete dat Hy, om Christus ontwil, altyd ons gebede op Sy wyse verhoor.

## Q40

### **Wat moet ons bid?**

Die hele Woord van God begelei en inspireer ons in wat ons moet bid, so ook die gebede wat Jesus self vir ons geleer het.

## Q41

### **Hoe lui is die Onse Vader?**

Onse Vader wat in die hemel is,

Laat U Naam geheilig word;

Laat U koninkryk kom;

Laat U wil geskied, soos in die hemel, net so ook op die aarde;

Gee ons vandag ons daaglikse brood;

En vergeef ons ons skulde, Soos ons ook ons skuldenaars vergewe;

En lei ons nie in die versoeking nie, maar verlos ons van die Bose.

Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid.

Amen.



## Q42

### **Hoe moet die Woord van God geles en na geluister word?**

Met toewyding, voorbereiding en gebed; sodat ons dit in geloof kan aanvaar, in ons harte kan bêre, en in ons lewens kan toepas.

## Q43

### **Wat is die sakramente?**

Die sakramente is deur God gegee en deur Christus ingestel. Dit is die doop en die nagmaal. Hulle is sigbare tekens en seëls dat ons as 'n geloofsgemeenskap deur Christus se dood en opstanding aan Hom verbind is. Deur daaraan deel te hê laat die Heilige Gees ons nog beter verstaan en beseël Hy die beloftes van die evangelie aan ons.

## Q44

### **Wat is die doop?**

Die doop is om mense, met water, in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees te was. Dit dui op en verseël ons aanneming in Christus, ons reiniging van ons sonde, en ons verbintenis dat ons aan die Here en sy kerk behoort.

## Q45

### **Is die doop met water self die afwassing van sondes?**

Nee, net die bloed van Christus en die vernuwung van die Heilige Gees kan ons van sonde reinig.

## Q46

### **Wat is die Nagmaal?**

Christus het alle Christene beveel om brood te eet en van die beker te drink in dankbare herinnering aan Hom en sy dood. Die nagmaal is 'n viering van die teenwoordigheid van God in ons midde; Hy bring ons in gemeenskap met Hom en met mekaar; Hy voed en bevredig ons siele. Dit wys ook vooruit na die dag wanneer ons saam met Christus in sy Vader se koninkryk gaan eet en drink.

## Q47

### **Voeg die Nagmaal enige iets by Christus se Middelaarswerk by?**

Nee, Christus het een maal, vir almal gesterf. Die nagmaal is 'n verbondsmaaltyd wat Christus se werk as Middelaar vier. Dit is 'n middel om ons geloof te versterk soos wat ons na Hom kyk, en 'n voorsmaak van die toekomstige fees. Maar diegene wat met onbekeerde harte daaraan deelneem, eet en drink 'n oordeel oor hulself.

## Q48

### **Wat is die kerk?**

God kies en bewaar vir Homself 'n gemeenskap wat deur geloof verenig is vir die ewige lewe, wat Hom lief het, volg, van Hom leer en saam Hom aanbid uit. God stuur sy gemeenskap om die evangelie te verkondig en om Christus se koninkryk vooruit te loop deur die kwaliteit van hul lewe onder mekaar en hul liefde vir mekaar.

#### Q49

##### **Waar is Christus nou?**

Christus het liggaamlik uit die graf opgestaan op die derde dag na sy dood en sit aan die regterhand van die Vader, daarvandaan heers Hy oor sy koninkryk en tree Hy vir ons in, totdat Hy terugkom om die die hele wêreld te oordeel en te vernuwe.

#### Q50

##### **Wat beteken Christus se opstanding vir ons?**

Christus het oor sonde en dood getriomfeer deur liggaamlik uit die dood op te staan, sodat almal wat op Hom vertrou in 'n nuwe lewe in hierdie wêreld opstaan en in 'n ewige lewe in die wêreld wat kom. Net soos ons eendag gaan opstaan, gaan hierdie wêreld eendag herstel word. Maar diegene wat nie op Christus vertrou nie, gaan opgewek word vir die ewige dood.

#### Q51

##### **Wat is die nut van Christus se hemelvaart?**

Christus het liggaamlik opgevaar ten behoeve van ons, net soos Hy liggaamlik aarde toe gekom het uit liefde vir ons, en Hy tree nou vir ons in, in die teenwoordigheid van die Vader, Hy berei 'n plek vir ons voor, en stuur ons sy Gees.

#### Q52

##### **Watse hoop hou die ewige lewe vir ons in?**

Dit herinder ons dat hierdie huidige gevalle wêreld nie alles is wat daar is nie. binnekort sal ons saam met God leef, en Hom vir ewig geniet in die nuwe stad, in die nuwe hemel en die nuwe aarde, waar ons ewig en volledig van alle sonde bevry gaan wees, en in nuwe, verheerlikte liggame te midde van 'n vernuwe en herstelde skepping gaan woon.